# Die Afrikaanse Filatelievereniging van Pretoria

DIE AFRIKAANSE FILATELIE VERENIGING VAN PRETORIA

## 70 jaar

## 1951 – 2021

# *Inhoudsopgawe*


| | |
|---|---|
| Beginjare van die AFP | 4 |
| Genote en voorsitters | 12 |
| Enkele nasionale uitstallers en kampioene | 16 |
| Ons hou vergaderings | 20 |
| Kroniek van die negentigerjare | |
| Ons skuif na 'n nuwe lokaal | |
| Die herorganisering van die AFP | |
| Jeugaktiwiteite van die AFP | 24 |
| Ons vier fees | 27 |


# *Voorwoord*

Beste Seëlvriende,

Ons kyk met groot dankbaarheid terug op sewentig jaar se geskiedenis van die AFP. Met die amptelike stigting van die Afrikaanse Philatelistiese Verening van Pretoria (APVP) op 26 September 1951 aan huis van mnr. en mev. A D Bosman te Kerkstraat 1027, het die geesdrif en dryf van lede onder voorsitterskap van mnr. J A Erasmus van krag tot krag gegaan. Ons kon ongelukkig nie die 70 jarige feesviering in September hierdie jaar hou nie vanweë die pandemie en 'n virtuele fees oor Zoom sou net nie gedeug het nie.

In die begin jare van die APVP was daar gereeld uitstallings gehou en verkeie nasionale uitstallings was ook aangebied deur die Vereniging. In die sewentiger jare het die ledetal van die Vereniging toegeneem met byeenkomste wat deur 40 tot 50 mense per geleentheid bygewoon is.

In 1989 onder leiding van Petra Heath is die Verwoerdburg Junior Seëlklub (later Centurion Seëlmaats) gestig. Ds Cassie Carstens het die jonges later motiveer en Centurion Seëlmaats was op sy tyd een van die sterkste jeugklubs in die land gewees met gereelde JUNAS deelname. Ongelukkig die kompetisie vir kinders se tyd en aandag en die hoeveelheid aktiwiteite wat by skole deesdae aangebied word, het hierdie tydverdryf onder die jeug getaan. So nou en dan is daar weer 'n oplewing, maar dan om weer later weer af te koel. Die dinamiese belangstellingsvelde van die jeug en hoe hulle met mekaar en waaroor hulle kommunikeer bly vir volwassenes 'n uitdaging, veral die tempo waarteen kommunikasie tegnologie ontwikkel en ontwrigtend verander.

Die AFP onder leiding van Robbie Harm het die voortou geneem met die organisering van PRETORIA 92 saam met die Pretoria Philatelic Society (PPS) en Pretoria Railway Philatelic (later Centurion Seëlklub) om die nasionale seëlskou sedert 1974 weer in die Hoofstad aan te bied.

Ek raak in 2007 by georganiseerde filatelie betrokke, deur Ds. Cassie Carstens en onthou die vergaderings in die patologiegebou by die Universiteit van Pretoria. Dit was oorweldigend gewees om al die mense met hul ongelooflike kennis oor seëls, koeverte en ander filateliese items te hoor gesels met soveel passie. Die klem het op hierdie stadium in die klub sterk op tematiese versameling onder die lede geval, met Ds. Cassie een van die geesdriftigste voorstanders van tematiese versamelings. Ek besluit om tradisioneel te versamel en so byt die uitstalgogga my in 2008 en neem ek aan die Bloemfontein Eenramer uitstalling deel met aanmoediging van die AFP lede.

Tydens my betrokkenheid in georganiseerde filatelie, het ek ongelooflik baie geleer. Veral na ek vir die eerste keer deel van die jurie van die Stampshow 2014 as leerling beoordelaar was. Tydens die beoordeling van uitstallings word filateliese kennis en items tussen beoordelaars gedeel wat enige filatelis se ore laat tuit en oë laat traan.

Ons het ook baie verandering in die filatelie oor die laaste 10 jaar beleef. BOFEX 2016 was die eerste nasionale virtuele seëluitstalling. Sedert SAVPEX 2021 word prestasies deur FIP (Fédération Internationale de Philatélie) erken om te kwalifiseer vir internasionale uitstallings.

Met die afsterwe van Ds. Cassie was die AFP in skok en Petra het tydelik, wat toe drie jaar geword het, waargeneem as voorsitter. Sy het haar baie goed van haar taak gekwyt en die AFP het aangehou met gereelde vergaderings en deel van seëlkennis op 'n informele manier.

Herman van Niekerk het daarna vir twee jaar die leisels geneem en ook sy spore in die AFP getrap en beklee nou die posisie van Ondervoorsitter. Tydens Herman se termyn het die COVID-19 pandemie toegeslaan en al ons vergadering is ewe skielik afgelas om te voldoen aan die afgekondigde inperkings van die Nasionale Coronavirusbevelsraad. Ons gedagtes is met al ons lede en hulle gesinne wat beswyk het tydens die pandemie. Ons dink ook aan ons lede wat nog steeds daagliks 'n stryd voer met die nagevolge van die virus.

Ons het toe begin om net saam te kuier op die Whatsapp-kommunikasieplatform. Later het ons oorgegaan na die Telegram-platform waar ons tot vandag toe nog vrae vra en seëlinligting met mekaar deel. Ons het ook die Zoom-platform begin bemeester as AFP-lede en het so ook begin om informeel te kuier en later ook AFP maandvergaderings en bestuursvergaderings te hou.

Na my verkiesing as voorsitter het ek die klem laat val op die opskryf van seëlversamelings. Die klomp filateliese materiaal in kaste, bokse en sakke poog ons om op albumbladsye te kry en dit met mekaar te deel. Anna van Niekerk het ook met haar geboue projek baie gehelp om die wa aan die rol te kry en die projek is met geesdrif aangepak. Dit is 'n groot riem onder die hart om selfs die nuwe lede te sien inspring en hulle versamelings op te skryf en te deel. Die kollektiewe kennis wat in ons AFP-lede gesetel is, is ongelooflik en elkeen dra by tot ons lewendige besprekings. Die heel belangrikste is dat ons geniet wat ons doen.

In 'n tyd wat die posstelsel besig is om vervang te word met elektroniese media, en die agteruitgang van die Poskantoor se diens oor die afgelope paar jare, sien ek 'n toekoms vir seëlversameling en filatelie. Elkeen kan seëls geniet op die manier wat jy self goed dink, net asseblief die seëls met ontsag hanteer as kosbare geskiedkundige artefakte en dit monteer en berg sodat dit vir die nageslag nog bewaar sal bly.

Ons gaan die toekoms te gemoed met soveel nuwe moontlikhede vir ons stokperdjie. Inligting is vrylik op die internet beskikbaar en mede-versamelaars oor die hele wêreld deel ook hulle kennis en versamelings met mekaar. Virtuele seëlskoue kan vanuit die gemak van jou eie huis bygewoon word. Daar is verskeie video reekse beskikbaar waar oud en jonk aspekte van die stokperdjie bespreek.

Ons is in 'n era waar verskillende media vir seëls gebruik word, bv. papier, toiletpapier, kurk, ens. Die jongste is virtuele seëls met 'n fisiese verteenwoordiging op papier die eerste keer deur Oostenryk uitgereik.

Seëls bly deur al die moontlikhede ontspannend, terapeuties, opvoedkundig, navorsbaar en 'n goeie rede om te kuier en te gesels oor hulle. As jy gelukkig is, ontdek jy eendag 'n juweel tussen jou seëls wat jou in verskeie aspekte verryk.

Ek is optimisties oor die AFP se toekoms. Ontwrigtende dinge soos pandemies, tegnologie ontwrigtings en 'n versnelde veranderde samelewing staan nie in die pad van die geesdrif van die AFP nie. Ons pas aan, omarm en skep nuwe geleenthede vir die uitleef van ons passie vir seëls.

Groete
Louwrence Erasmus
AFP Voorsitter 2021

# *Beginjare van die Pretoriase Afrikaanse Vereniging*

Deur E L Buys - *THE SA PHILATELIST* - APRIL 1977

*Dr. Buys was in 1976, die kwarteeufeesjaar, die voorsitter van die Afrikaanse Philatelistiese Vereniging van Pretoria. By die feesdinee in September 1976 het hy 'n interessante oorsig oor die wordingsjare van die vereniging gegee, en ons het hom genooi om die gegewens wat hy in ou notules, briewe en ander dokumente opgespoor het, in artikelvorm op te stel - Red.*

Die eerste jare van enige organisasie is ryp aan nuwe gebeurtenisse en toon duidelik dat daar swaar geleun word op mense wat dryfkrag en doelgerigtheid het en wat vertroue kan geniet. Daarom kan 'n liggaam soos die Afrikaanse Philatelistiese Vereniging van Pretoria - die APVP - trots wees op sy drie staatmakers uit die beginjare wat nou erelede is, naamlik die here De Swardt en Bernhardi en prof. Gonin.

Dit blyk dat daar 'n halfeeu of langer gelede al Afrikaanssprekende seëlversamelaars in Pretoria was, maar die behoefte aan 'n eie vereniging het eers na 1950 begin kristalliseer namate die versamelaars mekaar beter begin ken het. So het dit gekom dat 'n aantal belangstellendes die aand van **9 Augustus 1951** informeel by die huis van mnr. en mev. A D Bosman, Kerkstraat 1027, byeengekom en toe besluit het om die vereniging te stig. 'n Voorsitter is gekies, mnr. J A Erasmus, en 'n sekretaris, mnr. G J de Swardt, en hulle is gevra om 'n konsep-grondwet op te stel.

Die ander aanwesiges was mev. I J van Zyl, mnr. en mev. J W Schubart, mnr. en mev. S J Vermaak, mev. A D Bosman, mev. J A Erasmus, mej. M van den Berg, dr. L C Coetzee, en mnre. F J Eybers, Reynecke, H J P Schutte, C J Greeff, Julius Kohier, J A Scholtz, P H Kok, I J Bernhardi, A H de Villiers en R Coetzee. Verdere vergaderings is op 4 en 14 September 1951 gehou om die voorgestelde grondwet te bespreek. Vyf persone het intussen bygekom, naamlik mev. C Pienaar, mnre. T Britz, J F Dick (posmeester van Johannesburg) en A J A Roux, en prof. H L Gonin.

**Die stigting**

Die formele stigtingsvergadering, waar die aanwesiges die grondwet onderteken het, was op 26 September 1951. Die eerste bestuur was mnr. Erasmus as voorsitter, mnr. De Swardt as sekretaris/penningmeester, mnr. H J P Schutte as rondsendbeampte en mev. J J van Zyl en mnr. R Coetzee as addisionele lede. Daar is besluit dat vergaderings op die vierde Vrydagaand van die maand by die Tegniese Kollege sou plaasvind.

'n Eerste uitstalling is ook die aand gehou. Mnr. Scholtz het Mauritius vertoon, mnr. De Swardt Generaal Gouvernement en mnr. Roux VSA-koeverte. Onder die gaste was die voorsitter en sekretaris van die Afrikaanse Filatelistevereniging van Johannesburg. Van die 23 lede wat die stigtingsvergadering bygewoon het, het die ledetal in 1954/55 tot 88 aangegroei. Vandag is daar 120 gewone en 80 buitelede. Teenoor die aanvanklike 12/6 bedra die ledegeld vandag R4,50.

Vergaderings is goed bygewoon - daar was 42 mense by die eerste verjaardagvergadering op 26 September 1952, toe die AFV van Johannesburg besoek afgelê het. Die laagste bywoningsyfer was ses, in Augustus 1955. In die jare sestig was dit gemiddeld 20-30 en die afgelope paar jaar 40-50, met soms 60 en meer mense by vergaderings. Hoe die vereniging gewoeker het, blyk aan sy finansies van die eerste drie jaar.
Die batige saldo het geklim van £3-15-6 tot £71-5-6 tot £371-8-10!

**'n Paar begindatums is:**

| | |
|---|---|
| 23 Nov. 1951 | - eerste rondsendboekies beskikbaar. |
| 24 Mei 1952 | - eerste vasvrawedstryd. |
| 27 Jun. 1952 | - besluit om aansoek vir affiliasie by die Filateliese Federasie te doen. |

| | |
|---|---|
| Jul 1952 | - rondsenddiens begin, eerste klubwedstryd. |
| 12 Sep 1952 | - eerste besoek (AFV), eerste keer koek by die tee (sover ons kan vasstel), |
| | - eerste Federasieverteenwoordiger gekies. |
| 12 Des 1952 | - eerste gesellige byeenkoms. |
| 3 Jan 1953 | - eerste besoek aan Pretoria Philatelic Society. |
| 9 Okt. 1953 | - eerste ruilaand gehou. |
| 5 Aug. 1954 | - eerste dames-uitstalaand. |

Die eerste bestelling van materiaal vir lede vanaf die filatelieburo was blykbaar vir die SATISE/SADIPU-seëls van 1952.

**Kompetisies**

Uit die staanspoor is daar uitstalkompetisies gehou, met die eerste deelname aan die Rembrandtwisseltrofee reeds in 1953. Die vereniging het sy eerste bydrae tot die landwye filatelie gelewer toe hy saam met die twee ander plaaslike verenigings die Pretoriase eeufeesuitstalling TEPPEX in 1955 help reël het.

Die rondsenddiens wat ongeveer Julie 1952 aan die gang gekom het, het volgens die verslag vir 1953/54 in sy eerste jaar 'n beskeie omset van £12 gehad. In die volgende jaar het dit geklim tot £200, vir die destydse geldwaardes 'n nie onaansienlike prestasie nie.


Een van die sake waarmee die APVP in die laat vyftiger jare ten nouste mee gemoeid was, was die poging om silindernommers op seëlvelle te behou. Omdat al die lede van die vereniging teen die Poskantoor se afskaffing van silindernommers gekant was, het die vereniging die Filateliese Federasie volmondig in sy vertoë tot die owerhede gesteun en ook aktief in hierdie verband opgetree.

Vandag kan die APVP met trots terugkyk op sy prestasies van daardie eerste jare, iets wat ons inspireer om op die gesonde patroon van ons voorgangers voort te gaan.

Met die jare is 'n logo ontwerp en het die nuusbrief "Die Posduif" ontstaan




*Naskrif:* Tydens die verpakking van die argief van die AFP in 2020 het ons op hierdie kosbare data afgekom. Hoe maak 'n mens met al die inligting sonder 'n rekenaar en 'n "spreadsheet"? Alles word met die hand geskryf in potlood. In die eerste notuleboeke kon afgelei word dat die handskrif dié is van Isak Bernardi GAPF. Hy was jare lank op die bestuur en was ook 'n spesialis uitstaller.



| 24 Sept 1951 23 lede | 26 Okt 1951 15 lede | 23 Nov 1951 |
|---|---|---|
| uitst: | uitst: | geen uitstalling |
| mnr J A Scholtz: Mauritius | mnr. W. Impey: VSA | slegs seëls uitgeruil |
| mnr G J de Swardt: Gen. Gouvernement | | |
| mnr J A Rous: VSA koeverte | | |

| | Januarie | Februarie | Maart | April |
|---|---|---|---|---|
| 1952 | 23 Jan 13 lede 2 gaste<br>13 lede 2 besoeker<br>uitst. mnr. CJ Greef<br>oor ? | 22 Febr. 10 lede<br>geen uitst | 28 Mrt<br>Praatjie deur Prof Schulz oor "ongewensde posseëls"<br>uitst: Mev. Greef van Nu Zeelandse gesondheid seëls | 25 Apr. 16 lede<br>vasvra en uitst:<br>mev. JJ v Zyl :<br>Unieseëls |
| 1953 | 23 Jan 15 lede 16 gaste<br>Besoek Pta Phil Soc.<br>mnr W. Newlands: Burma tydens Jap. besetting<br>Dr. Reisener: Unie seëls<br>mnr Clouws: voëls | 24 Febr. 15 lede 3 gaste<br>uitst. mnr. J. A. Erasmus met praatjie<br>Canada | 27 Mrt. 15 lede<br>uitst. mnr Kok<br>Israël E.D.K. | 22 April<br>geen notule |
| 1954 | 27 Jan 10 lede 5 gaste<br>Rembrandt-trofee<br>wen: de Swardt 1933-38 Voortrekkers<br>- Gomes Pro Juventute<br>- Mev. v. Zyl Ou Kaapse seëls<br>- Erasmus Kanada | 24 Febr. 13 lede 9 gaste<br>Besoek AFV, Jo'burg<br>5 uitstallings: Ascension; lugpos; Nuwigheid in seëls; Ou Frankryk; Kuns op seëls | 24 Mrt. 11 lede 6 gaste<br>Publisiteitsafd. HPK.<br>uitst. proewe en ontwerpe van Unie se vaste reeks met praatjie. | 28 Apr. 10 lede 3 gaste<br>uitst. mev. Reisener:<br>vroeë seëls van Duitse State. |
| 1955 | 24 Jan<br>mnr Ferguson v Filateliekantoor oor silinderblokke en<br>uitst. Vatikaanstad | 23 Febr. 13 lede 8 gaste<br>Besoek Pta Railway Phil. Soc.<br>uitst. lugposseëls N. Rhodesia<br>Unie gedenkseëls | 23 Mrt. 14 lede 2 gaste<br>vasvra<br>alle lede het hul 12 mooiste seëls gewys. | 27 Apr. 13 lede 1 gas<br>uitst Dr Guericis<br>Wêreld posunie met praatjie. |
| 1956 | 25 Jan 13 lede<br>uitst mnr de Swart<br>Geloftseëls 1933-1955 | 22 Febr. 10 lede 2 gaste<br>uitst<br>mnr Erasmus: Kanada<br>de Swardt: S. Rhodesia | 28 Mrt 13 lede 7 gaste<br>Rembrand komp:<br>Paarl: Landbou op seëls, Combrink<br>Jo'burg: Posseël Eeufees uitgawes, Brönstow<br>Pta: Kon. besoeke, mev Erasmus | 25 Apr.<br>uitst. mnr. v. Proosdy<br>Duitse seëls van 1871 – 1945 |
| 1957 | 23 Jan 10 lede 2 gaste<br>geen uitst<br>~~geen deelname Rembrandt~~ | 27 Febr. 8 lede<br>veiling<br>uitst mnr Erasmus: Kanada<br>mnr de Swardt: S. Rhodesia | 27 Mrt. 11 lede<br>veiling<br>uitst mnr Bernhardi<br>½d en 1d prentereeks<br>Unieseëls | 24 April<br>Klubkompetisie<br>Schulz Tvl. Rep 1882-1902<br>Erasmus Kanada<br>Bernhardi ½d 1d Unie<br>deSwardt Voortrekkers 1933<br>mev Pienaar Die pad van SA |
| 1958 | 22 Jan 11 lede 1 gas<br>uitst Prof Jonin<br>Pro Juventute | 26 Febr. 14 lede 1 gas<br>Besoek Spoorwegveren. (een man)<br>Posseëleeufees seëls | 26 Mrt 14 lede 3 gaste<br>Mnr Newland (gas)<br>wys St. Helena | 23 Apr. 7 lede 1 gas<br>Kapt. Stern (gas)<br>wys lugpos<br>Belgiese Kongo |
| 1959 | 28 Jan.<br>geen notule | 25 Febr. 13 lede 2 gaste<br>uitst.<br>mnr. v Proosdy: ?<br>D. Nilant: Europaseëls | 25 Mrt 11 lede<br>uitst mnr Moodie oor ?<br>praatjie Prof Schulz oor Ferrari<br>vasvra | 22 April 11 lede<br>uitst mnr Brits<br>SWA - Unie - Bechuanaland en Basoetoeland |
| 1960 | 27 Jan. 11 lede 1 gas<br>wedstryd mev. Pienaar<br>uitst paar blaaie van mnr Erasmus. | 24 Febr. 7 lede 4 gaste<br>uitst Dr Berry:<br>Prê-Unie, Geor. v, vroeë lugpos<br>Londs & Pta prentereekse | 23 Mrt 12 lede 10 gaste<br>Besoek AFV - Jo'burg<br>3 uitst: ½d & 1d diereeks<br>2d 3d 2/6 diereeks<br>Stempel Kaap 1853-1904 | 27 April 13 lede 1 gas<br>10 blaaie: Blomme, Poland, SA, Unie diere, Ooste & Verre Ooste, Frankryk, Nu Zeeland |

| Mei | Junie | Julie | Augustus | September |
|---|---|---|---|---|
| 23 Mei 16 lede<br>uitst:<br>mnr. Julius Köhler<br>Duitsland | 27 Junie 22 lede<br>geen uitstalling<br>ruilaand | 25 Julie 16 lede 2 gaste<br>Klubkomp van 8 lede<br>Mev. JP v Zyl wen met<br>"Mafeking Beleëring" | 22 Aug<br>Praatjie met illustrasie<br>deur Dr. Reisener<br>oor Unieseëls<br>(lid Pta Phil Soc) | 26 Sept. 31 lede 11 gaste<br>Besoek AFV, Jo'burg<br>5 uitstallings: Nederland;<br>Unie ½ d; 1/- Britse Ryk;<br>Lugpos; Vrystaat |
| 24 Mei 15 lede 1 gas<br>uitst. mnr Greef<br>Madagaskar<br>S. Rhodesia<br>Gesondheidseëls | 24 Junie 14 lede 1 gas<br>vasvra<br>uitst. mev. Erasmus:<br>Nu Zeeland se gesondheid seëls<br>mej. v.d. Berg: ? | 22 Julie 11 lede<br>vasvra<br>uitstal: Prof. Jonin<br>Pro Juventute - Switzerland | 26 Aug 12 lede<br>uitst. Mev. v. Zyl:<br>Kaapse seëls<br>mnr de Swardt<br>voortrekkerkoeverte en seëls | 23 Sept. 11 lede<br>Jaarverg. en bestuursverk.<br>uitst. mev. v. Zyl<br>"Die pad van S.A."<br>vasvra. |
| 26 Mei 13 lede 1 gas<br>Film deur Dr. Reisener<br>oor uitgawes en drukfoute van 1 d seël | 23 Junie 12 lede 3 gaste<br>vasvra<br>uitst mnr. v. Proosdy<br>Turkye en Egypte. | 28 Julie 9 lede 1 gas<br>vasvra<br>uitst. mnr. Huss:<br>Frankryk en VSA<br>mnr. Erasmus: Kanada | 25 Aug 18 lede 6 gaste<br>Damesaand<br>mev. v. Zyl: SA seëls voor Unie<br>" Erasmus: Kon. besoeke<br>" Pienaar: Droom v. Filatelis<br>mej v.d. Berg: Lewe v. Kon El. II | 23 Sept. 14 lede 3 gaste<br>Jaarvergadering<br>uitst mnr. Eybers<br>verskeidenheid seëls vir vasvra. |
| 25 Mei 12 lede 1 gas<br>uitst. mnr. Orkin<br>van "Chalon Heads" | 22 Junie 20 lede 16 gaste<br>Besoek AFV, Jo'burg<br>3 versamelings:<br>lugposseëls VSA;<br>moderne Frankryk<br>wildtuine en diere v.d. Unie | 27 Julie 12 lede 3 gaste<br>Stokperdjie:<br>skulpe; tapisserie;<br>munte en "ou doos" | 24 Aug<br>Klubkompetisie<br>1 deelnemer<br>mnr de Swardt met Poland<br>en boekies v. Gr. Brittanje | 24 Sept 13 lede 1 gas<br>Jaarverg.<br>uitst. Prof Schulz<br>ou Transv. seëls |
| 23 Mei 12 lede<br>Prof Schulz praatjie<br>oor Ou TVl. seëls<br>uitst 1869 - 1881<br>mev. v. Zyl 1882 - 1910 | 27 Junie 8 lede 2 gaste<br>uitst mev. Erasmus<br>blomme op seëls | geen notule<br>lede aand aan<br>huis van mnr.<br>de Swardt ?! | 22 Aug 9 lede 2 gaste<br>uitst mnr de Swardt -<br>Israël. | 26 Sept. 10 lede 1 gas<br>Jaarverg<br>geen uitst<br>wel veiling |
| 22 Mei 13 lede<br>uitst mev Pienaar<br>Unie dierseëls<br>veiling | 26 Junie 10 lede 1 gas<br>uitst mnr de Swardt<br>Federasie<br>N+S Rhodesia + Nyasaland | lede aan huis<br>van mnr Erasmus | 28 Aug<br>uitst Gen. Brink:<br>leiersportrette uit<br>2 wêreldoorloë. | 25 Sept. 8 lede<br>Jaarverg. |
| 28 Mei 8 lede<br>uitst mnr Erasmus<br>Britse Ryk | 25 Junie 10 lede<br>mnr Bernhardie<br>Program ?! | 23 Julie 9 lede 1 gas<br>informele aand.<br>by mnr Strydom | 27 Aug 10 lede<br>uitst mnr de Swardt<br>koeverte v.d. wêreld<br>met spes. stempels | 24 Sept 10 lede 3 gaste<br>mnr. Slater-Kinghorn<br>koeverte met aanplakseëls<br>eerste seëls van Gr. Brit. |
| 27 Mei 11 lede 2 gaste<br>uitst mnr. Moodie<br>v. wêreldseëls. | 24 Junie<br>Klubkompetisie<br>uitst mnr Bernhardi<br>Unie seëls, Kersseëls en<br>Suid Rhodesia | geen verg.<br>wel ruilaand | 26 Aug. 11 lede<br>praat oor trofee<br>geen uitst. | 23 Sept<br>Besoek AFV - Jo'burg<br>3 uitst Nuwe Testament<br>Unie lugpos<br>Benelux lugpos |
| 25 Mei 9 lede 4 gaste<br>uitst Unieseëls -<br>mnr E Walker<br>asook Australië | 22 Junie 16 lede 4 gaste<br>Klubkompetisie<br>Erasmus Kanada<br>Schulz Transvaal<br>Loots Diereseëls<br>Dunbar - Moodie Verskeidenheid | 27 Julie 17 lede<br>ruilaand & geselligheid | 24 Aug 10 lede 1 gas<br>uitst mev Pienaar<br>Antarktika<br>mnr Britz S.A en Israël | 28 Sept. 9 lede 1 gas<br>uitst Weilbach:<br>wêreldverligtingseëls<br>PW Strydom Unie diere |

| Oktober | November | Besonderhede | |
|---|---|---|---|
| 24 Okt 23 lede<br>uitst. mnr Newlands<br>van poststukke v.d<br>2e Vryheidsoorlog. | 28 Nov. 17 lede<br>vasvra<br>praatjie en uits van<br>mnr. G J de Swardt oor<br>SWA | 12 Sept 1952: Jaarvergadering met 11 lede<br>Daar is sprake v.e. "Unieversameling" van<br>die vereniging (22 Febr); opgehef 23/9/53<br>12 Des. 1952: geselligheid by Mev. Dr. Pienaar | Schoemansty 652<br>(15 lede) |
| 28 Okt. 14 lede<br>klubkompetisie<br>9 deelnemers<br>Mnr. Erasmus wen<br>met Gibraltar | 25 Nov. 11 lede<br>vasvra<br>uitst. mnr de Swardt<br>Kon. Elisabeth en<br>Unie 2d | | |
| 27 Okt. 15 lede 3 gaste<br>Praatjie deur Prof Schilz<br>oor ultraviolette strale<br>in filatelie en Dr. Reisener<br>demonstreer kwartslamp. | 24 Nov. 17 lede 3 gaste<br>Klubkompetisie<br>9 deelnemers<br>Mev. Pienaar wen<br>met ? | Rondsenddiens £ 10: ~~4.0 wins~~ verkoop<br>27 Okt: besluit tot naslaan versameling<br>27 Okt. CH Loots word lid.<br>24 Nov. Prof Milant lid en M. Nel<br>17 Nov. ledetal 52 | |
| 26 Okt 15 lede 2 gaste<br>uitst mnr. v. Blerma<br>munte v. Grieke en Romeine<br>briewe uit voorseelse<br>tye en eerste Ned. seëls | 23 Nov. 12 lede 2 gaste<br>vasvra<br>uitst mej. Gorin<br>Frankryk na oorlog<br>mnr de Swardt Nyassaland<br>George II en Elisabeth II | Rondsenddiens £ 207 ~~9.3~~ verkoop<br>In November is "Teppex" gehou | |
| 24 Okt. 12 lede<br>uitst mnr v. Roosdy<br>Nederland<br>veiling | 28 Nov. 10 lede 1 gas<br>uitst mr. Chowles<br>Belgiese Kongo<br>veiling | Rondsenddiens £ 318 ~~0.11~~ verkoop<br>£100-versameling gekoop en herverkoop! | |
| 30 Okt. 12 lede 1 gas<br>geen uitst<br>vasvra | 27 Nov 10 lede 1 gas<br>Klubkompetisie<br>slegs een deelnemer<br>mnr de Swardt<br>S-Rhodesia. | Besoek van 9 lede aan Staatsdrukker.<br>Rondsenddiens ± £ 250 verkoop<br>6 Des geselligheid by mnr de Swardt<br>geen deelname Rembrandt trofee | |
| 22 Okt 12 lede 11 gaste<br>Besoek Pta Phil. Soc<br>Nudiste op seëls<br>Geneeshere op seëls<br>SA lugpos koeverte<br>Seëls van Rusland | 26 Nov 12 lede 1 gas<br>Jaarverg. | geen Jaarverslag | |
| 28 Okt. 11 lede 10 gaste<br>Besoek Pta Phil. Soc.<br>uitst: Scouts & Girl Guides<br>Italiaanse lugpos<br>Israël / Palestina | 25 Nov 9 lede 1 gas<br>Jaarverg. | Antarctika koeverte en stempel in<br>gereël vir expedisie fondse.<br>Op 6 Jan 1960 is geselligheid gereël<br>13 lede 19 gaste | |
| 26 Okt. 10 lede<br>vasvra<br>uitst mnr Greeff<br>Unie seëls | 23 Nov. 8 lede 4 gaste<br>Jaarverg.<br>uitst Bernhardi:<br>on Unie seëls<br>Weilbach: Duitse Germania. | 7 Des Braaivleis by mnr Bernhardi | |

| | Januarie | Februarie | Maart | April |
|---|---|---|---|---|
| 1961 | 25 Jan 11 lede 7 gaste<br>uitst Dr. Sheril: Israël<br>(lid Spoorwegver.) | 22 Febr. 12 lede<br>uitst mej. Erasmus<br>kon. besoek<br>mej. Jonin: Moderne Franse seëls. | 22 Mrt. 13 lede 7 gaste<br>Rembrand kompetisie<br>Wêreldvlugtelingseëls<br>Petroleum op seëls (1e Prys)<br>kon. besoeke | 26 April 12 lede<br>uitst mn Dunbar Rodie<br>Indië en Nrd Borneo |
| 1962 | 24 Jan 13 lede 3 gaste<br>uitst Z. de Swardt RSA<br>silinderblokke<br>mn Bernhardi RSA | 28 Febr. 15 lede 1 gas<br>uitst ?<br>besoek posmeester Pta | 28 Mrt 18 lede 2 gaste<br>gaste AFP Jo'burg<br>Veka-kompetisie<br>Interprov. - Vermaak<br>Inkomste seëls Unie - Combrink<br>Ned. - Jonin (wen) | 25 April 12 lede<br>Uitst + praatjie<br>Pro Juventute<br>Prof Jonin. |
| 1963 | X | 27 Febr. 14 lede<br>Uitst du Preez: Frankryk | 27 Mrt 14 lede 1 gas<br>Uitst de Swardt:<br>Republiekseël | 24 April 15 lede 1 gas<br>uitst Weinstein:<br>voorlopers Palestina<br>Aden 1846-1890<br>SA lugbriewe |
| 1964 | 29 Jan 8 lede 1 gas<br>Uitst. de Swardt:<br>Voortrekkergedenkseëls | 26 Febr. ?<br>Havenaar:<br>tematies | ?<br>Kompetisie<br>Brewer (Jo'burg):<br>Rooi kruis. wen | 22 April ?<br>Uitst de Swart<br>Kreuckte diereparke |
| 1965 | 27 Jan ?<br>uitst blomme Dekany<br>Nilant: lugposkoev. | 24 Febr. 11 lede 1 gas<br>geen uitst | 24 Mrt 13 lede 2 gaste<br>Veka<br>Tham: Estland<br>Bernhardi: RSA | 28 April<br>uitst voëls - Havenaar |
| 1966 | 26 Jan<br>uitst de Swardt<br>ooz? | 23 Feb.<br>Museum se<br>Britse Ryk | 23 Mrt.<br>Vermaak: Ruimtevaart<br>Jonin: Pro Juventute | 27 April<br>Schoeman: Vrystaat<br>Dekker: anti honger |
| 1967 | 25 Jan<br>Museum: Europaseëls<br>Laos<br>Cambodja | 22 Feb.<br>Nilant Ned. 1961-66<br>Switserl. 1960-'66 | 22 Mrt<br>de Swart<br>Voortrekkerseëls<br>1933-1952 | 26 April<br>geen uitst. |
| 1968 | 28 Jan.<br>Nilant KLM lugbriewe<br>Becker: RSA lugbriewe | 28 Febr.<br>du Preez: Angola<br>Schoeman: Malta & Cyprus | 27 Maart<br>v Tilburg: Kongo<br>Havenaar: visse & waterdiere | 24 April<br>Spoorwegvereniging<br>voetbalkampioenskappe<br>Nyasaland<br>G-Brittanje<br>Interprovinciaals |
| 1969 | 22 Jan.<br>Havenaar:<br>Nyasaland / Malawi | 26 Feb.<br>Heskes:<br>Rusland 1956-1966 | 26 Mrt.<br>Museum: Frankryk | 23 April<br>Wessels: SWA |
| 1970 | 28 Jan<br>Nilant KLM.<br>(Ned-Indonesië) | 25 Feb.<br>v d Mey: Ned. | 25 Mrt<br>geen uitst. | 22 Apr.<br>Schlieben: SWA &<br>Duits Oos Afrika<br>Seeba: Ysland |

| Mei | Junie | Julie | Augustus | September |
| --- | --- | --- | --- | --- |
| 24 Mei 10 lede 2 gaste<br>uitst. dierebeëls<br>v.d. Vereniging<br>Mnr Impey: Nederland. | 28 Junie 14 lede 4 gaste<br>3 uitst oor ? | 26 Julie 13 lede 5 gaste<br>Klubkompetisie<br>4 lande: 1e Prys Prof Jonin Nederland<br>2 tematies: Mev. Pienaar met<br>Antarktika 1e Prys | 23 Aug 9 lede 1 gas<br>vasvra met<br>skyfies | 27 Sept. 10 lede 3 ga<br>Prof Scholtz stal uit<br>ou Transvaal. |
| 23 Mei 9 lede 1 gas<br>Dr. Nilant<br>koeverte | 27 Junie 15 lede 1 gas<br>Klubkompetisie<br>1) Diereseël - Bernhardi<br>2) Israël, Frankryk, Australië<br>3/ Pro Juventute | 25 Julie 13 lede 1 gas<br>lede aand: SA koeverte,<br>Pro Patria, Satelliet koev.,<br>Israël, Spanje, Oorlog<br>en herdenking seëls | 22 Aug. 13 lede 1 gas<br>Greeff uitst.:<br>lugpos koeverte.<br>Unie seëls<br>Tristan de Cunha<br>Europaseëls mnr McKay | ?<br>X |
| 22 Mei 13 lede 5 gaste<br>Damesaand<br>Mev Haman lugpos briewe<br>Visser Verskeidenheid<br>Kruger Kunstenaars, Musici<br>Oelofse Kanada<br>Hofsey SA Koningshoofde | 26 Junie 8 lede<br>Bernhardi uitst.:<br>½c & 1c RSA rolseëls | 24 Julie 18 lede & gaste<br>uitst RSA poststempels<br>landkaarte<br>Unie & RSA<br>Duitsland | 28 Aug 10 lede 1 gas<br>geen uitst. | 25 Sept 15 lede 2 g.<br>geen uitst |
| 27 Mei ?<br>geen uitst | 24 Junie ?<br>Klub kompetisie<br>met 3 deelnemers<br>met ? | 22 Julie ?<br>uitst Dr. Verwoerd<br>wêreldposunie<br>Nederland | 26 Aug ?<br>Juniors uitst.<br>(3 van hulle) | 23 Sept ?<br>Engelse vereniging<br>3 uitst Noorweë<br>tematies<br>potpourri. |
| 26 Mei<br>uitst - Pro Juventute<br>Prof Jonin<br>Bernhardi ½d Springbok | 23 Junie<br>uitst<br>Erasmus:<br>Olympiade | 28 Julie<br>uitst<br>Adv. v. Proosdy<br>Frankryk | 25 Aug<br>Klubkompetisie<br>4 deeln.<br>Pro Juventute, SWA,<br>Gr. Brittanje, RSA | 22 Sept<br>diere blomme insekte<br>gelanthuidstempels Ned.<br>Pro Patria<br>Gr Brittanje |
| 25 Mei<br>Havenaar: voëls | 22 Junie<br>Jonin Ned.<br>1852 - 1942 opl. | 27 Julie<br>Klubkompetisie<br>Nico Dekker:<br>Tristan da Cunha | 24 Aug<br>Spoorweg vereniging<br>ou en nuwe drukke<br>Rhodesia vanaf 1890<br>Israël lugpos<br>Basoetoland | 28 Sept<br>Lugposbriewe<br>SWA koningshoofde<br>Pro Patria. |
| 24 Mei<br>Havenaar: EDK Ned.<br>Stoffberg (mev): Israël | 28 Junie<br>Scholmans: varia<br>DuPreez: Mocambique<br>1952 - 1965 | 26 Julie<br>Nilant: KLM-pos<br>Erasmus: Unie seëls | 23 Aug<br>Musllem: Jordanië<br>Liechtenstein | 27 Sept<br>Havenaar: Orgidee<br>Hamman: VVO;<br>kon Astrid, Prin Rain<br>Visser: Dr. Verwoer |
| 22 Mei<br>Hulthwaite: praatjie<br>kleure, straling<br>refleksie, fluoressensie<br>kwartslamp | 26 Junie<br>geen uitst. | 24 Julie<br>klubkompetisie<br>Bernhardi: RSA<br>Havenaar: kinderseëls<br>Ned | 28 Aug<br>Engelse Vere.<br>SA lugbriewe<br>foute op seëls van Siam<br>St. Maarten<br>vine en wine | 25 Sept<br>Kühn Unie<br>Enoch Britse Ryk |
| 28 Mei<br>geen uitst. | 25 Junie<br>Nilant: KLM lugpos<br>Havenaar:<br>diere van Afrika | 23 Julie<br>Jonin: Switserse<br>Pro Patria e lugpos<br>klubkomp. | 27 Aug.<br>AFV Jo'burg<br>Roedige: ou Duitsland<br>Knipers: EDK Ned. | 24 Sept.<br>Selepange: Hong Kong<br>Nel: Geskiedenis<br>Scholtz: kuns (Sjina<br>Japan & Frankryk) |
| 27 Mei<br>Spoorweg vere.<br>RSA<br>Duits Oos Afrika<br>Denemarke tot 1931<br>Siam, Shanghai, SG1 | 24 Junie<br>Corstanje: buurstate<br>Denyssen: ZAR<br>(Pietersburg) | 26 Julie<br>klubkompetisie<br>Corstanje: Basoetoland<br>Wessels: SWA<br>Kühn: Ascension<br>vd Merwe: Suriname | 26 Aug<br>Mev Scholtz: Groot Brittanje<br>1953 - 1969<br>Denyssen: Unie & SWA | 23 Sept<br>Mev Scholtz: Waterjag<br>Mev Rhoodie: Oostenry |

| Oktober | November | Besonderhede |
|---|---|---|
| 25 Okt. 11 lede 12 gaste<br>Besoek Pta Phil Soc.<br>5 mitsl. seëls, nuwe Ned.,<br>Rusland, Egypte,<br>Inkomste seëls, Madonna | 22 Nov.<br>Jaarverg.? | 14 Des. Geselligheid by mnr Bernhardi |
| 24 Okt 11 lede<br>mnr Bernhardi<br>NZeeland, Austr.,<br>S Rhodesia,<br>Kersseëls | 28 Nov 13 lede 9 gaste<br>praatjie mnr O'Connor<br>HPK oor seëls druk<br>skyfies, film USA-Posseë | Uitgawe RSA-koevert & Volkspele koevert<br>Britse Setlaarseël-koevert<br>Geselligheid by mnr Bernhardi op 14 Des. |
| 23 Okt 11 lede 1 gas<br>Brits Rooikruis met<br>voetbal 2½c | 27 Nov 11 lede 1 ga<br>Strydom: koeverte | Uitgawe Kirstenbos koevert, Kerk konferensie<br>Geen rooikruis koeverte |
| 28 Okt ?<br>uitst. RSA kansellasie<br>RSA sil. blokke<br>Kon George VI en<br>Kon. El. II. | 25 Nov<br>uitst. ~~my~~ Greef:<br>potpourri<br>Jaarverg | Prepess: Uitstalling by Kongres Pta<br>mnr Bernhardi 2x brons |
| 27 Okt<br>Mej. Visser<br>kroningseël SWA. | 24 Nov<br>de Swardt<br>RSA 4 SWA ½c 1c<br>Jaarverg. | Maart braaivleis<br>28 Julie '65 Nas Kult. Opel. Museum erelid<br>Koevert met kerkseël van Bernhardi! |
| 26 Okt<br>Museum: San Marino<br>Kon. besoeke Erasmus<br>Unie geleentheidseëls | 23 Nov<br>de Swardt<br>SA herdenkingseël<br>Jaarverg | 22 April braaivleis |
| 25 Okt<br>Bernhardi:<br>Unieseëls | 22 Nov<br>de Swardt<br>RSA 1c. | |
| 23 Okt<br>Kuhn: Australië | 27 Nov.<br>Jonas: Ned. | Jaarfunksie 2 Nov. |
| 22 Okt<br>vd Merwe: Curaçao | 26 Nov<br>Jaarverg<br>Jonas Switserland | 15 Nov. Braaivleis |
| 28 Okt.<br>vd Merwe: Israel | 25 Nov<br>Kühn RSA. | Mev. Stoffberg is op 26 Aug 1970<br>tot lewenslange erelid benoem.<br>15 Nov. Braaivleis |

# *GENOTE van die AFP*

Ons erelede is persone of instellings wat as gevolg van lang en waardevolle diens in belang van die Vereniging of van die filatelie as erelede verkies word. In die 60 jaar van die Vereniging se bestaan is nog slegs twaalf erelede verkies.

**1. 1965 - Die Nasionale Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum, Pretoria.**

Die Nasionale Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum en sy Seël-, Munte- en Medaljeafdeling het daadwerklike belangstelling getoon in en ondersteuning verleen aan die aktiwiteite van die destydse Afrikaanse Philatelistiese Vereniging van Pretoria. Nie alleen het die Museum hierdeur ‛n positiewe bydrae tot die uitbouing van ons Vereniging gemaak nie, maar ook seëlversameling in die algemeen daardeur bevorder. Erelidmaatskap is op 28 Julie 1965 aan die museum toegeken. Hierdie was ‛n geskiedkundige gebeurtenis, aangesien dit die eerste keer was dat die AFP ‛n erelid-toekenning gemaak het.

**2. 1967 – Mnr. C.J. Greeff**.



Mnr. C.J. Greeff, 'n stigterslid van die AFP, het deur sy voortgesette en getroue ondersteuning van die Vereniging tydens sy vroeë bestaansjare baie bygedra om die AFP op ‛n hegte basis te vestig. Hy het ‛n voorbeeld gestel deur sy gereelde deelname aan uitstallings en het waardevolle leiding as ondervoorsitter verleen. Sy senior posisie in die Staatsdiens het hom in staat gestel om bekendheid vir die jong Vereniging te werf en die beeld daarvan na buite uit te dra. Vir sy bydrae is erelidmaatskap op 1 Desember 1967 aan hom toegeken.

**3. 1970 - Mev. E.M.A. Stofberg.**

Mev. E.M.A. Stofberg was een van die stigterslede van die AFP. Haar getroue bywoning van vergaderings, haar aktiewe deelname aan die bedrywighede van die Vereniging en haar hulp met sosiale verpligtinge het as navolgingswaardige voorbeeld vir ander lede gedien. Haar onbaatsugtige diens aan die AFP het nie ongesiens ons verbygegaan nie en op 2 Augustus 1970 is erelidmaatskap aan haar verleen.

**4. 1977 - Mnr. I.J. Bernhardi**.

Mnr. I.J. Bernhardi het as stigterslid sy volle steun aan die AFP verleen. Hy het vir baie jare ‛n waardevolle bydrae as Penningmeester (vanaf 1953) en as Rondsenddiensbeampte (vanaf 1954) gelewer. Hierbenewens was hy ook betrokke by die Nuusbrief. Hy het sy huis meermale tot die beskikking van die AFP gestel vir informele en sosiale byeenkomste. Izak Bernhardi het hom as ware filatelis bewys en sy spesialis benadering tot versameling het as inspirasie vir baie lede gedien. Na ruim 25 jaar se diens aan en betrokkenheid by die Vereniging, is erelidmaatskap op 11 September 1977 aan hom toegeken.

**5. 1977 - Mnr. G.J. de Swardt**.

Mnr. G.J. de Swardt kan met reg die vader van die Afrikaanse Filatelievereniging van Pretoria genoem word. Hy was die hoofdryfveer agter die stigting van ‛n seëlvereniging vir die Afrikaanssprekendes van Pretoria en omgewing in Augustus 1951. Sy inisiatief, organisasievermoë, harde werk en toewyding het die Vereniging vinnig op die been gebring. Sy deurlopende betrokkenheid in die bestuur van die AFP het as aansporing vir ander lede van die Vereniging gedien. Hy was die eerste Sekretaris/Penningmeester, die eerste verteenwoordiger van die AFP in die Filateliese Federasie van Suider-Afrika (in Oktober 1952), Rondsenddiensbeampte (1953), was betrokke by die Nuusbrief en het hom beywer vir die totstandkoming van ‛n juniortak. Guillaumi de Swardt was vanaf 1954 tot 1967 met kort onderbrekings Voorsitter van die AFP. In die 26ste bestaansjaar van die AFP is welverdiende erelidmaatskap op 11 September 1977 aan hom toegeken.

**6. 1977 — Prof. H.L. Gonin.**



As stigterslid het professor H.L. Gonin deur sy voorbeeld ander lede positief ingestel teenoor die bevordering van die belange van die AFP. Hy het altyd beïndruk met die kwaliteit van sy versamelings en uitstallings. As gevolg van sy groot seëlkennis het hy die AFP meermale tydens interklub-vasvrawedstryde verteenwoordig. Professor Gonin was by verskeie geleenthede die AFP se afgevaardigde na kongresse van die Filateliese Federasie. In 1967 is hy welverdiend as Voorsitter van die Vereniging verkies en hy het vir drie jaar die amp beklee. Hy is op 11 September 1977 vereer met erelidmaatskap van die AFP.

**7. 1987 - Mnr. A. van der Mey.**


Mnr. A. van der Mey het as gevolg van sy lewendige belangstelling in filatelie en met sy uitstalprestasies die belange van filatelie binne en buite ons Vereniging gedien. So het hy in 1975 'n Goud-toekenning in die Paarl ontvang vir sy uitstalling "Nederland" en by AMPHILEX in Amsterdam in 1977 'n Versilwerde Brons-toekenning vir sy uitstalling "Nederlandse Kolonies". Hy het ten alle tye die filatelie as stokperdjie bevorder deur sy hoogstaande uitstallings, sy kommentaar en sy gewaardeerde advies aan die AFP en sy lede. In Maart 1987 is mnr. Van der Mey beloon met erelidmaatskap.



*Tydens die maand-vergadering gehou op Woensdagaand 25 Januarie 1989 het die AFP hulde gebring aan sy Erelede. Tydens die geleentheid was vier erelede teenwoordig (Hans Stronkhorst het in 2006 erelid geword.) Op die foto verskyn van links na regs: mnr. Arrie van der Mey, mnr. Guillaumi de Swart, mej. Antjie Ziervogel (Kultuurhistoriese Museum), mnr. Izak Bernardi en mnr. Hans Stronkhorst*

**8. 2001 - Kapt. R.H. Harm**

Robbie Harm ontvang op 29 Augustus 2001 erelidmaatskap (genoot) tydens die 50 jaar feesvieringe van die AFP. Hy is gebore in Berlyn en immigreer saam met sy ouers vanuit Nederland na Suid-Afrika. Hy volg 'n suksesvolle loopbaan as offisier in die Suid-Afrikaanse Vloot. Sy lidmaatskap van die AFP begin in Oktober 1978 en vanaf 1981 (tot 2004) dien hy ononderbroke in die bestuur in verskeie portefeuljes, en veral as voorsitter vir 8 jaar. Sy onvermoeide ywer vir die bevordering van Afrikaans asook sy baanbrekerswerk in die stigting van *Tematika SA* (in 2000) verdien besondere vermelding. Sy versamelgebiede sluit in Swede, VSA, Nobelpryswenners en slagskepe. Hy is tans steeds aktief betrokke by die stokperdjie in die Wes-Kaap waar hy lid is van verskeie verenigings en ook die maandelike seëlskou in Durbanville organiseer.



**9. 2004 - Ds. JC Carstens**



Dis eers in 1978 wat Cassie Carstens begin om seëls te versamel en word lid van die AFP in 1979. In die 80-erjare skakel hy in by die Polokwane Seëlklub en word summier in Maart 1988 as sekretaris verkies met sy terugkeer na Pretoria en eerste bywoning van die AFP. Hy raak ook betrokke by die jeugwerk (Tshwane Seëlmaats) en die bestuur van die Filateliese Federasie van Suid Afrika (president 1999/2000 en argivaris). Hy word verkies tot voorsitter van die AFP in 2004 en neem sterk leiding in die Pretoria-streek met seëlskoue en skakeling. Op nasionale vlak lewer hy ook 'n aktiewe bydrae met sy gereelde kolom oor tematiese versameling in die *SA Philatelist* en ontvang ook twee keer die Federasie se toekenning vir uitstekende diens aan filatelie. Sy versamelgebiede sluit in inheemse bome, erediens, seekoeie en varke. Hy word tot AFP-genoot verkies in Maart 2004.

**10. 2006 - Mnr. JH Stronkhorst**

Hans Stronkhorst begin op 7 jaar om seëls te versamel. Hy immigreer vanuit Nederland in 1949 saam met sy ouers en raak betrokke by die AFP in 1974. Vanaf 1976 dien hy ononderbroke in die bestuur, as oudiovisuele beampte, penningmeester, rondsenddiensbeampte, voorsitter en ondervoorsitter (tot op datum is dit 35 jaar - 'n rekord tydperk in die AFP). Hy versamel steeds Nederlandse seëls asook die Europese CEPT-uitgifte. Hy is 'n kundige op RSA Eerstedagkoeverte en ook die TBVC-lande. Hy tree ook gereeld as beoordelaar op. As gevolg van hierdie lang en waardevolle diens word hy op 22 Maart 2006 verkies tot AFP-genoot.

**11. 2008 – Mev. P Heath**

Petra Heath het as jong kind reeds op 10 jarige ouderdom in seëls begin belangstel. Sy het vroeg aangesluit by die destydse jeugklub van die AFP. Aktiewe versameling in 1984 in Nederland begin. Sy sluit in 1988 by die AFP aan waar sy spoedig betrokke raak in die bestuursaktiwiteite. Sy was die baanbreker met die stigting van die Centurion Seëlmaats en het ook vir 10 jaar *Die Posduif* behartig. Sy is ook betrokke by Tematika SA waar sy redakteur is van die internasionaal bekende lyfblad *ThemNews.* Haar versamelings is veral gerig op Suid-Afrikaanse Geskiedenis, waarvoor sy uitstekende toekennings op nasionale vlak verwerf het. As gevolg van hierdie lang en gewaardeerde diens in belang van die AFP word sy op 26 Maart 2008 tot genoot verkies. Tans is sy 'n baanbreker op die gebied van innoverende uitstalmetodiek en verrig sy wondere met haar besondere unieke aanslag en insig.

**12. 2010 – Mnr. AE de Haaij**



Bram de Haaij begin op 8 jarige ouderdom in Nederland om seëls te versamel. Hy en sy gesin immigreer in 1970 na Suid-Afrika waar hy mettertyd aansluit by die Afrikaanse Filatelievereniging van Pretoria. Hy is veral bekend vir sy besondere unieke Nederlandse versamelings. In die AFP het hy jare lank diens gelewer as rondsendbeampte en ook met die druk en versending van *Die Posduif.* Vir sy harde werk, lojale ondersteuning en voorbeeld van onbaatsugtige dienslewering word hy op 24 Maart 2010 aangewys as die twaalfde genoot van die AFP. Hy sterf aan breinkanker op Dinsdag 29 Maart 2011.

# *AFP Voorsitters*

| | | |
|---|---|---|
| Nov. 1951 - Nov. 1954 | Mnr. J A Erasmus | 3 termyne |
| Nov. 1954 - Nov. 1959 | Mnr. G J de Swardt | 5 termyne |
| Nov. 1959 - Okt. 1960 | Mev. C Pienaar | 1 termyn |
| Okt. 1960 - Sep 1963 | Mnr. G J de Swardt | 3 termyne |
| Sep 1963 - Okt. 1964 | Mnr. H D Wessels | 1 termyn |
| Okt. 1964 - Nov. 1967 | Mnr. G J de Swardt | 3 termyne |
| Nov. 1967 – Mrt. 1971 | Prof. H L Gonin | 3½ termyne |
| Mrt. 1971 – Mrt. 1974 | Mnr. GJ de Swardt | 3 termyne |
| Mrt. 1974 – Mrt. 1975 | Mnr. H P N Pretorius | 1 termyn |
| Mrt. 1975 - Mrt. 1976 | Mev. S Rhoodie | 1 termyn |
| Mrt. 1976 - Nov. 1976 | Dr. M E L Buys | ½ termyn |
| Nov. 1976 - Mrt. 1982 | Prof W C van Wyk | 5½ termyne |
| Mar. 1982 - Feb. 1983 | Mnr. G J de Swardt | 1 termyn |
| | | (totaal 15 termyne) |
| Mrt. 1983 - Mrt. 1986 | Mnr. G E D Thierry | 3 termyne |
| Mrt. 1986 - Mrt. 1987 | Prof. C A van Rooy | 1 termyn |
| Mrt. 1987 - Nov. 1988 | Mnr. G E D Thierry | 1 termyn |
| | | (totaal 4½ termyne) |
| Nov. 1988 - Mrt. 1993 | Mnr. J H Stronkhorst | 4½ termyne |
| Mrt. 1993 - Mrt. 2004 | Kapt. R H Harm | 11 termyne |
| Apr. 2004 – Aug. 2016 | Ds. J C Carstens | 12½ termyne |
| Sep. 2016 – Des 2019 | Mev P Heath | 3 termyne |
| | | (tydelik) |
| Des 2019 – Mrt 2021 | Mnr. H van Niekerk | 2 termyne |
| Apr 2021 - | Dr. L D Erasmus | |



Drie voorsitters: Mnr. Hans Stronkhorst, Prof. Wouter van Wyk en Ds. Cassie Carstens

# *Enkele nasionale uitstallers*

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1958** | Germiston | J P Roux | *Suid-Afrika - Dierereeks* |
| | | J P Roux | *South Africa - Officials* |
| **1964** | Pretoria | I J Bernhardi | *SA Dierereeks* |
| | | I J Bernhardi | *RSA - Posseëls* |
| **1967** | Bloemfontein | N M Dekker | *Tristan da Cunha* |
| **1976** | Oos-Londen | A van der Meij | *Nederlands-Indië 1864 – 1948* |
| | | A van der Meij | *Poskaarte van Ned.-Indië 1873 - 1948* |
| **1986** | Johannesburg | W H Hardijzer | *Outomaatboekies: Nederl. vanaf 1964* |
| | | J D Kruger | *Watervoëls* |
| **1987** | Paarl | H L Gonin | *Nederland 1852 – 1942: Drie mensegeslagte* |
| | | W Hardijzer | *Outomaatboekies: Nederl. vanaf 1964* |
| **1990** | Kempton Park | P Heath | *Geskiedenis van Suid-Afrika* |
| **1991** | Kaapstad | W H Hardijzer | *Outomaatboekies: Nederl. vanaf 1964* |
| | | A H Kritzinger | *Die Posduif 1990* |
| **1992** | Pretoria | W H Hardijzer | *Outomaatboekies: Nederl vanaf 1964* |
| | | W H Hardijzer | *Nederland 1850 - 1933* |
| | | R Smith | *RSA Rolseëls: Gebouereeks* |
| | | J L Kollen | *Soviet Space Programme* |
| | | A H Kritzinger | *Die Posduif 1991* |
| **1994** | Benoni | R Smith | *The complete Platings of RSA* |
| | | R Smith | *Stamp issues from 1982* |
| **2000** | Pretoria | Spesiale tematika : | |
| | | J Kuppen | *Roses* |
| | | W A Meintjies | *Orchids of the World* |
| | | HP Laubscher | *Medals* |
| | | J Burger | *Mercedes-Benz* |
| | | Kompeterend: | |
| | | A P T Kuppen | *Lighthouses – Beacons through the ages* |
| | | A E de Haaij | *Zomerzegels* |
| **2001** | Johannesburg | P Heath | *Die Nuwe Suid-Afrika* |
| **2003** | Johannesburg | JC Carstens | *Vyftien Voëlsoorte* |
| | | P Heath | *ThemNews Volume 3* |
| **2006** | Pretoria | AE de Haaij | *Voor het kind 1924 – 2001* |
| | | AE de Haaij | *Kinderzegelaksie* |
| | | AE de Haaij | *Koningin Wilhelmina van Nederland* |
| **2007** | Port Elizabeth | P Heath | *Boer en Brit in konflik 1899-1902* |
| | | HP Laubscher | *South Africa's involvement in WW II* |
| **2008** | Pretoria | JAR Botha | *History of the South African Air Force* |
| | | AE de Haaij | *Eerste dag enveloppe van Nedl.* |
| | | AE de Haaij | *Automaatboekjes van Ned. 1964 - 1994* |
| | | LD Erasmus | *Unie van SA: Eerste Vaste reeks* |
| | | JS Joubert | *Undelivered mail labels of the RSA* |
| | | JS Joubert | *Express labels of the RSA* |
| | | JS Joubert | *Certified Mail Labels of the RSA* |
| | | HP Laubscher | *Adolf Hitler and the Olympic Movement* |
| | | S Lubbe | *A synopsis of Stamp Exhibitions in SA* |
| | | S Lubbe | *Die koevert vertel 'n storie* |
| | | S Lubbe | *H is for handstamp* |
| **2009** | Pretoria | JC Carstens | *Die drie wyse manne* |
| | | AE de Haaij | *Eerste dag enveloppe van Nedl.* |
| | | AE de Haaij | *Automaatboekjes van Ned. 1964 - 1994* |
| | | AE de Haaij | *De groot vijf van Nederland* |
| | | AE de Haaij | *Onze 12 Provincies* |
| | | JS Joubert | *Certified Mail Labels of the RSA* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | HP Laubscher | *The springbok as a symbol - rugby's gift to a nation* |
| | | S Lubbe | *A synopsis of Stamp Exhibitions in SA* |
| **2010** | Johannesburg Internasionaal | HP Laubscher | *Adolf Hitler and the Olympic Movement* |
| **2014** | Pretoria | P Heath | *Boer en Brit in konflik 1899-1902* |
| | | JC Carstens | *My seëlgids tot Suider-Afrikaanse bome* |
| **2017** | Virtueel | LD Erasmus | *Union Christmas seals on Golden Jubilee seals* |
| | | LD Erasmus | *A study of the 12 1/2c stamps in South Africa* |
| | Johannesburg | LD Erasmus | *Issued kings-heads definitives of the Union of South Africa* |
| | | M Erasmus | *Men on the moon* |
| **2018** | Pretoria | JAR Botha | *The legend of SAAF* |
| | | LD Erasmus | *Issued kings-heads definitives of the Union of South Africa* |
| | | P Heath | *Nelson Mandela ... following him in his footsteps* |
| | | JS Joubert | *RSA express mail delivery system* |
| | | JS Joubert | *Certified mail service* |
| **2019** | Virtueel | LD Erasmus | *Sending money home - South Africa to Sekakes 1972 - 1973* |
| | Benoni | LD Erasmus | *Sending money home - South Africa to Sekakes 1972 - 1973* |
| **2021** | Virtueel | P Heath | *Jan van Riebeeck: 10 Jaar aan die Kaap de Goede Hoop* |
| | Bloemfontein | LD Erasmus | *Sending money home - South Africa to Sekakes 1972 - 1973* |
| | | LD Erasmus | *Union Christmas seals on Golden Jubilee seals* |
| | | LD Erasmus | *A study of the 12 1/2c stamps in South Africa* |
| | | JS Joubert | *The South African Border Conflict including the involvement of the Cubans, 1966 - 1990* |

## *Klubkampioene*

1951 (Augustus) - stigting AFP

1955 G J de Swardt
1956 J A Erasmus
1957 C E Pienaar
1959 I J Bernhardi
1960 J A Erasmus
1961 H L Gonin
1962 1 J Bernhardi
1964 J J F Britz
1965 H L Gonin
1966 M Dekker
1968 I J Bernhardi
1969 H L Gonin
1970 H D Wessels
1971 A van der Mey
1972 H N P Pretorius
1974 I J Bernhardi
1975 A van der Mey
1976 G J de Swardt
1977 W Badenhorst
1978 A van der Mey
1980 I J Bernhardi
1981 W C van Wyk
1983 R G Smith
1984 R G Smith
1985 H L Gonin
1986 W H Hardijzer
1987 I J Bernhardi
1988 A van der Mey
1989 A van der Mey
1990 A van der Mey
1991 W H Hardijzer
1992 W H Hardijzer
1993 M G Viljoen
1994 L Beukes
1995 A H Kritzinger
1996 P Heath
1997 A P T Kuppen
1998 A P T Kuppen
1999 P Heath
2000 A E de Haaij
2001 P Heath
2002 P Heath
2003 M Viljoen
2004 J Kollen
2005 J Burger
2006 P Heath
2007 P Heath
2008 L D Erasmus
2009 J Joubert
2010 P Heath

## *GJ De Swardt Trofee - Unie en RSA*

1986 Isak Bernardi
1987 Isak Bernardi
1988 Isak Bernardi
1989 Andre Kritzinger
1990 Andre Kritzinger
1991 Andre Kritzinger
1992 Mellet Moll
1993 Mellet Moll
1994 Mellet Moll
1995 Mellet Moll
1996 Mellet Moll
1997 Mellet Moll
1998 Arnold Kuppen
2000 Arnold Kuppen
2002 George Hayman
2003 George Hayman
2007 Hans Stronkhorst
2008 Louwrence Erasmus
2009 Louwrence Erasmus

## *John Barry Trofee - Moderne Versameling*

1987 Regina Smith
1988 Wim Hardijzer
1989 Petra Heath
1990 Cassie Carstens
1991 Mellet Moll
1992 Mellet Moll
1993 Marge Viljoen
1994 Andre Kritzinger
1997 Arnold Kuppen
2004 Bram de Haaij
2007 Petra Heath
2008 Bram de Haaij
2009 Bram de Haaij
2010 Gina Wilgenbus

## *Dieter Thierry Trofee - Tematies*

1986 Hein Friebus
1987 Theo Brunzlaff
1988 L Scholtz
1989 Petra Heath
1990 John Kollen
1992 Hein Friebus
1993 Cassie Carstens
1994 Leon Beukes
1995 Petra Heath
1996 Petra Heath
1997 Arnold Kuppen
1998 Arnold Kuppen
1999 Petra Heath
2000 Arnold Kuppen
2001 Petra Heath
2002 Petra Heath
2003 Judy Horner
2004 John Kollen
2005 Jan Burger
2006 Petra Heath
2007 Bram de Haaij
2008 Peter Wilgenbus
2009 Cassie Carstens
2010 Jan Burger

## *Regina Smit Trofee – Damesbeker*

1987 Babs Greyling
1988 Babs Greyling
1989 Petra Heath
1990 Lena Brits
1991 Petra Heath
1992 Marge Viljoen
1993 Cecilia Beukes
1997 Petra Heath
2002 Petra Heath
2003 Marge Viljoen
2004 Jill Redmond
2005 Cobi Weys
2006 Helena Snyman
2007 Petra Heath
2008 Gina Wilgenbus
2009 Petra Heath
2010 Helena Snyman
2011 Connie Liebenberg
2012 Gina Wilgenbus

## *Andre Kritzinger Trofee - Alfabet Kompetisie*

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1989 | Andre Kritzinger | 2001 | Joey Kuppen |
| 1990 | John Kollen | 2002 | Cassie Carstens |
| 1991 | Cassie Carstens | 2003 | Judy Horner/ Lappe Laubscher |
| 1992 | Cassie Carstens | 2009 | Gina Wilgenbus |
| 1993 | Cassie Carstens | 2010 | Gina Wilgenbus |
| 1994 | Cecilia Beukes | 2012 | Ernie Gerke |

## *Cassie Carstens Trofee – Eenraam*

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1997 | Arnold Kuppen | 2003 | Lappe Laubscher | 2008 | Cassie Carstens |
| 1998 | Theo Brunzlaff | 2004 | Petra Heath | 2009 | Bram de Haaij |
| 1999 | Lappe Laubscher | 2005 | Cassie Carstens | 2010 | Bram de Haaij |
| 2000 | Arnold Kuppen | 2006 | Lappe Laubscher | 2012 | Gina Wilgenbus |
| 2001 | Jan Burger | 2007 | Petra Heath | | |

## *Robert Harm Trofee - Lande*

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1990 | Arrie van der Mey | 1996 | George Harrison | 2005 | Lappe Laubscher |
| 1991 | Wim Hardijzer | 1997 | Bram de Haaij | 2010 | Bram de Haaij |
| 1993 | Andre Kritzinger | 1998 | Arrie van der Mey | 2011 | Petra Heath |
| 1994 | Andre Kritzinger | 1999 | George Harrison | | |
| 1995 | George Harrison | 2003 | Marge Viljoen | | |

## *Petra Heath Trofee – Vertoonklas*

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2005 | Bram de Haaij | 2008 | Petra Heath |
| 2006 | Bram de Haaij | 2009 | Petra Heath |
| 2007 | Petra Heath | 2010 | Petra Heath |

## *Sronkhaaij Trofee – Posgeskiedenis*

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2004 | Bram de Haaij | 2009 | Johan Joubert |
| 2005 | Bram de Haaij | 2010 | Cassie Carstens |
| 2007 | Bram de Haaij | 2011 | Gina Wilgenbus |
| 2008 | Johan Joubert | | |

## *Verwoerdburg Jeug Filatelie Klubkampioen*

Malisa Erasmus
Frik Grobler

## *Centurion Seëlmaats Beste Beginner*

2010 Bernice Erasmus
2012 Attie le Roux

## *Marge Viljoen Post Cards*

# *Ons hou vergaderings*

## *Kroniek van die negentigerjare*

Die negentigerjare lewer voorwaar 'n paar besondere hoogtepunte:

✧ Die AFP neem leiding met die organisering van PRETORIA 92 – die jaarlikse nasionale seëluitstalling. Vir die eerste keer sedert 1974 rol die Jakarandastad weer sy pers tapyt vir die seëlversamelaars uit, en 'n skitterende seëlskou onder voorsitterskap van Robbie Harm word by die Universiteit van Pretoria aangebied. Samewerking met Pretoria Philatelic en Pretoria Railway Philatelic (tans Centurion) is aan die orde van die dag en Cedric Roché RDPSA was die jurie-voorsitter.

✧ Die kinders word bedien met die stigting van die Verwoerdburg Junior Seëlklub ( later Centurion Seëlmaats ) Petra Heath – wat self as kind deur die AFP geïnspireer is – neem aanvanklik die leiding in 1989 en sedert 1990 is dit Cassie Carstens wat die jonges aktiveer tot een van die sterkste jeugklubs in die land. Gereelde deelname aan JUNASS en die joviale byeenkomste is genoeg bewys daarvan. Cassie was ook al aangewys as Jeugleier van die Jaar. Die rol en ondersteuning van die Centurion Stadsraad verdien hier vermelding.

✧ Die gesellige byeenkomste van die AFP – almal praat daarvan! As dit nie Sjôp-en Sjêrrie saam met die winterbesoekers is nie, dan konsentreer dit op eenrame en werkswinkels in die somer. Herfs beteken lekker vasvra, en die lente is kompetisietyd. En dan praat ons nie eens van die jaarlikse "paartie" in Novembermaand nie!



Ons vergader een keer per maand in die teekamer van Universiteit van Pretoria se Patologiegebou, 'n Heerlike groot ruimte met 'n klein kombuisie. Die uitstalrame het ons in 'n ou ongebruikte hysbakskag gebere!




✧ Insette by die Federasie gaan ook nie ongesiens verby nie – heel dikwels is "roeringe" veroorsaak en daar is deeglik kennis geneem van "Afrikaans Pretoria"! Die dekade eindig dan ook met Cassie Carstens as President van die FFSA – die eerste sodanige bekleër vanuit die AFP.

Hier is Theo Brunzlaff in die by Pick-'n-pay, Verwoerdburgstad – Seëldag 11 Mei 1991

✧ Ongelukkig het die jare 90 ook meegebring dat die erelede ons een na die ander ontval het. Hulle dienslewering en inspirasie word steeds met groot waardering in herinnering geroep.

En in die nuwe millennium? Die tematiese versamelgebied kom tot sy reg met die stigting van *Tematika Suider-Afrika* en gepaardgaande kontak met buitelandse instansies, eenraamkompetisie word geaktiveer met die gereelde PRETHEMA – seëlskou, 'n volledige filateliese naslaanafdeling by die Centurion Biblioteek word 'n werklikheid, en die bestuurspan (ietwat uitgedun tot 5) gaan voort met lus en ywer sodat daar oor 50 jaar wéér fees gevier kan word deur Afrikaanse seëlversamelaars!



Prethema 2002 gehou in die winkelsentrum in Centurion.

Ds. Cassie Carstens GAFP

## *Die begin van 'n nuwe millennium*

In die eerste tien jaar van die 21ste eeu het daar ook nuwe lewe in die AFP gekom. Die ledetal het wel skerp gedaal (soos maar by baie ander verenigings), maar die deelname en entoesiasme het sigbaar gegroei. Onder leiding van Cassie Carstens as nuwe voorsitter (vanaf 2004) word die byeenkomste in die NG Kerksaal Rietfontein-Suid baie informeel en gesellig ingerig – ons sit rondom 'n tafel, deel met mekaar, kuier saam en praat soms almal gelyk!



Daar is ook 'n aktiewe deelname aan uitstallings te bespeur – die lede neem al hoe meer vrymoedigheid om te wys wat hulle versamel en is nie meer bang vir kritiek nie. By die maandelikse seëlskou in Queenswood is daar elke keer van ons lede se uitstallings op die borde te sien – en dis voorwaar 'n wye verskeidenheid. Daar word veral klem gelê op die Oop/Vertoon-klas, en in die proses word tematiese versameling by uitstek bevorder. Daar is ook skitterende tradisionele uitstallers onder die lede, en ook proefnemings met baie moderne materiaal.

Op nasionale vlak is daar nou telkens AFP-lede wat deelneem en boonop uitstekend presteer. 'n Verdere winspunt is die studiegroepe wat onder die vaandel van die AFP funksioneer – die TBVC-groep wat hierdie belangrike tydperk in die RSA-geskiedenis bestudeer en argiveer, die Tshwane-groep wat uitsluitlik ingestel is op die geskiedenis van Pretoria, en dan die Centurion-groep wat aandag skenk aan Centurion en Afrika. Ons noue bande met Tematika SA is vir ons 'n besondere inspirasie.

Die maandelikse *Posduif* word aan verskeie ander verenigings gestuur en die terugvoer is altyd net positief en vol waardering vir ons sterk standpunte. Ons is gereed vir die volgende tien jaar, veral met die aantal nuwe jonger lede wat begin inskakel.

Ds. Cassie Carstens GAPF

## *Ons skuif na 'n nuwe lokaal*

Die AFP moes die veroudering van die lede as 'n werklikheid aanvaar. Om lede te behou, moes nuwe planne gemaak word om die vergaderings toeganklik te maak. Ons goeie vriend Glen Carpendale het ons toegelaat om in sy winkel op 'n Saterdagoggend te kon vergader. Wat 'n wonderlike reëling! Nie net het die lede kon snuffel in Glen se voorraad nie, maar het ook terselfdertyd die kennis van twee spesialiste tot ons beskikking gehad. Danie van Zyl het ons so goed geken en dikwels 'n spesiale item reg gehad as ons opdaag. Dit het ook die bykomende voordeel gehad dat vreemde mense dikwels ook die vergaderings bygewoon het.




Hier is vlnr. Cassie Carstens, Hans Stronkhorst, Connie Liebenberg en Marge Viljoen besig om voor die vergadering gesellig te verkeer.



Hierdie tydperk is gekenmerk deur die gesellige byeenkomste waar kennis heen en weer oor die tafel gevlieg het. Daar was net altyd iemand wat 'n spesialis was op 'n bepaalde gebied. Ons het geweldig baie geleer en alles was moontlik – tradisionele, posgeskiedenis, tematies, poskaarte, modern en sommer elke seël wat mooi is. Daar het ook 'n heerlike uitruil van seëls en ander items plaasgevind.

Vlnr. Andre Nel, Pieter van der Westhuizen, Attie le Roux en Cassie Carstens.

Die ruimte was beknop maar dit het geensins die lede weerhou van lekker kuier. Hans Stronkhorst, Connie Liebenberg, Marge Viljoen en Helena Snyman.




Na 'n paar heerlike jare saam met Glen en Danie in die winkel van World Stamps, het Glen sy winkel gesluit en moes ons weereens nuwe "blyplek" soek. Ons vorige ondervindings met Kerksale was baie handig en ons het toe tuiste gevind in die NG Kerk in Queenswood.

## *Die herorganisering van die AFP*

Op 25 Julie 2016 word die AFP in die diep kant ingegooi – na verslegtende gesondheid is die staatmaker van die vereniging, ds. Cassie Carstens oorlede. Skielik is ons sonder 'n voorsitter, sekretaris, jeugleier, argivaris en die organiseerder van uitstallings. Die Centurion Seëlklub, die TBVC-studiegroep en die Tematiese vereniging is in dieselfde bootjie.

Op versoek van die familie het ek die groot taak gehad om Cassie se seëls te sorteer. Hy het pas getrek na 'n kleinhoewe van sy suster en swaer maar mens kon duidelik sien waar sy liefde lê – die seëls was alles al uitgepak en gesorteer maar alle klubs en persoonlike seëls was saamgegooi. Ons moes fisies elke boek, album, dose vol seëls hanteer en besluit – kinders, AFP, Centurion, juniors, TSA, argief ens. Die kinders het besluit dat behalwe vir 'n paar versamelings die AFP die res kon kry om fondse te versterk. Die skenking is met groot dank aanvaar. Die ander verenigings moes hulle eie toepaslike materiaal in bewaring neem.

Al die verenigings moes nuwe bestuurslede kies en veral 'n nuwe person wat die leiding kon neem. Ek het ingestem om tydelik as voorsitter van die AFP oor te neem, Helena Snyman was bereid om as voorganger van Tematika SA op te tree, die Centurion vereniging het na 'n paar byeenkomste tot niet gegaan en die TBVC studiegroep staan onder die leiding van Jan de Jongh. Saam met Heinz Wirz het hulle Cassie se werk voortgesit.

Die lede van die AFP se belangstellingsvelde het ook stadig maar seker begin verander. Waar 'n dekade gelede die klem geval het op tematiese versamelings en ook baie meer informeel was daar nou lede wat meer tradisionele manier van versameling verkies.

Dit het nou tyd geword vir die ouer lede om terug te staan vir nuwe bloed. In Desember 2019 is Herman van Niekerk verkies as voorsitter. Onder sy bekwame leiding het hy saam met 'n paar lede die Seëlidentifikasie Studiegroep gestig. Hulle het in diepte studie gedoen oor die uitkenning van seëls oor die wêreld en staan steeds nuwe lede by met hulle kennis. Met groot entoesiasme het hy maandelikse veilings gehou en ook die meer gestruktueerde vergaderings.

Voorbeeld van die Studiegroep se werk:







**SAAMGESTEL deur** Die Seël-identifikasie Studiegroep van die Afrikaanse Filatelie Vereniging van Pretoria.

**Zaragoza (Spanje)**
Betekenis van "Sin Valor Postal" - geen pos waarde nie. 2 en 10 Peseta
Pro-Seminario - Zaragoza Seminarium - Kwekeling skool vir katolieke priesters.

Hierdie seëls is eintlik etikette vir liefdadigheid wat in die dekades van 1950 of 1960 gedruk is deur 'Rieusset' in Barcelona (moontlik nog in werking) om geld in te samel vir die Zaragoza katolieke skool vir priesters. Hierdie donasies was ook beskou as 'n offerande.
Nota: Die 10 Peseta is geskenk deur Danie van Zyl.

Tydens die Algemene Jaarvergadering van Maart 2021 is Louwrence Erasmus verkies tot nuwe voorsitter van die vereniging en gaan hy help bou aan die volgende dekade.

Dit is met volle vertroue dat ons die AFP in die bekwame hande van die jonger geslag laat.

Petra Heath GAFP 2021.

# *Jeugaktiwiteite van die AFP*

Die grondwet van die AFP het vanaf sy stigting voorsiening gemaak vir juniorlidmaatskap. Daar is in die begin van 1954 begin met die werwing van juniorlede en is daar gebruik gemaak van destydse populêre tienertydskrifte soos *Patrys* en *Die Jongspan* vir die doel. Marius Haupt van Vredendal (toe 13 jaar oud) was een van die eerste juniors wat op die werwingspoging gereageer het. Hierdie aksies het egter doodgeloop.

In 1961 het die juniorklub onder leiding van Guilaume de Swardt weer herleef. Dit moet genoem word dat die meeste juniorlede het ook die AFP vergaderings bygewoon saam met hulle ouers, soos Charl Gonin, Zephne de Swardt en Loreth Ockers.

Die Juniors het elke tweede Vrydagaand van 7 tot 9 nm. in Kamer 48, Tegniese Kollege, Du Toitstraat, Pretoria, vergader. In die Posduif van Junie 1965 het die volgende verskyn:

Om na die junior vergadering te keer, het daar die volgende plaasgevind. Klubkompetisie was aan die orde van die aand en pragtige uitstallings was te sien. Nico Dekker het die eerste prys gewen in die afdeling gevorderde juniorsgroep, met sy "Freedom from Huhger", uitstalling. Terloops, hierdie uitstalling was ook vlugtig uitgestal met ons onlangse senior vergadering, net om te wys wat in die juniors steek - 'n aangename verrassing. Tweede prys is deur Hubart van der Spuy met sy Basoetoeland, Swaziland versameling, verower. In die junior-juniorgroep het Petra du Plessis met haar tematiese versameling die eerste prys verower. Tweede prys was aan Kobus Naude toegeken. Nogmaals veels geluk aan julle almal.

Die nuwe bestuur wat gekies is vir die juniors is die volgende-

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitster | - | Zephne de Swardt |
| Onder-voorsitster | - | Petra Stoker |
| Sekretaris | - | Hubart van der spuy |

Hierdie juniors het hulle eie vergaderings georganiseer. Die Jeugleier was Mev. Ockerse. Nico Dekker het in hierdie tyd vermelding in "The South African Philatelist" gekry, toe hy 'n nog onbekende oordruk op 'n 2c Basutoland posseël geidentifiseer het. Die betrokke oordruk het so laag verskyn, dat dit oor die "sut" van "Basutoland gestrek het.

## *Verwoerdburg Junior Vereniging*

In 1989 het 'n nuwe Verwoerdburg Junior Vereniging ontstaan onder leiding van Petra Heath. Daar is maandeliks vergader in die Eldoraigne Biblioteek, en 'n nuusbrief uitgegee met die hulp van die Stadsraad van Verwoerburg.


Die Vereniging het saam met die ander verenigings in Pretoria die Nasionale Jeugskou JUNASS Centurion 1999 aangebied. Agt en veertig kinders van oor die hele land het met hulle versamelings kom spog. Die groot pryse is gewen deur Sirion Haylett (13) van Kaapstad, Jacobus Fonternel (12) van Bloemfontein en Steward Clark (8) van Pietermaritzburg.

Filateliedienste het datumstempel nr. 99/16 aan die geleentheid toegeken en daar was poskaarte te koop aangebied ter stywing van die fondse.




Die organiseerders van JUNASS Centurion 1999 was v.l.n.r
Agter: Lappe Laubscher (PPS), Robert Harm (AFP – Voorsiter), Derek Brown (Centurion)
Voor: Ds. Cassie Carstens (AFP) en Petra Heath (AFP)





Op die foto staan Petra Waagmeester (links) en ds Cassie Carstens.

## *Centurion Seëlmaats*

Vanaf 1990 het die naam van die Vereniging verander na Centurion Seëlmaats met die jeugleier Ds. Cassie Carstens. Die ledetal het gestyg tot in die 50's. Daar is elke eerste van die maand fluks seëls verkoop teen 1c per seël!

In die jaar 2000 het Centurion Seëlmaats deelgeneem aan die JUNASS kompetisie vir juniors in Boksburg met hulle klubinskrywing "Seëls bring jou in die Wolke"

## *Filaffie Seëlpret*

Deur Malisa Erasmus

Filaffie is 'n groep meisies wat 'n seëlklub begin het by die Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria. Die naam Filaffie is 'n samestelling tussen filatelie en Affies.

Daar is tans 6 aktiewe lede in die Filaffie. In die begin van die jaar het daar 'n skolier by AHMP navraag gedoen oor hoe om 'n seëlklub te stig by die skool. Na 'n proses om by die regte mense toestemming te kry en die nodige briewe op te stel en vir die betrokke mense te gee om te teken. In Februarie 2017 is die reglimente geteken deur die skoolhoof en was die Filaffie se heel eerste vergadering gehou. Die Filaffie het baie goeie ondersteuning gekry deur die skool.

Die vergaderings word op Donderdae gehou in die skool se mediasentrum tydens pouses maar deur gebruik te maak van sosiale media verander die tye om seker te maak dat die meeste meisies kan bywoon. 'n Byeenkoms duur tussen 15 tot 30 minute van kuier om die interessanthede van filatelie.

Van 27-30 Maart 2017 het ons 'n seëluitstalling gehou in die skoolmediasentrum waar 5 lede van die klub elkeen uitgestal het om vir die skool te wys wat ons doen. Dit was 'n sukses met verskeie besoeke en uitdeel van inligting oor filatelie en seëlversameling.



Lede van die Filaffie: Elize, Malisa, Charlize, Danielle, Monica, Bernice

Op 29 Maart 2017 het ons vir Steve van den Hurk (Uitgetredende President van PFSA en SAPDA), Isak Heath (Oudhoëkommisaris, -ambassadeur en -diplomaat van Suid-Afrika), Petra Heath (AFP-voorsitter en oud-Affie), Herman van Niekerk (AFP-sekretaris en AFP Jong Filatelis), Marge Viljoen (Jeuguitreik van die Postmark and Postal History Society of Southern Africa), Johan Joubert (oud Jeugorganiseerder van PFSA en AFP-lid), Louwrence Erasmus (Filaffie-adviseur en AFP-lid) en Ronel Erasmus (ouer) uitgenooi om na ons uitstalling te kom kyk en te sien hoe ons klub werk.

Tydens die skool se opedag vir voornemende skoliere, het die Filafie op 10 Mei 2017 ook 'n uitstalling gehad. Marge Viljoen het kom hand bysit en meer as 100 pamflette, oud Setempe's en SA Philatelist's is uitgedeel aan belangstellende meisies.

Die klub ondersteun ook JUNASS vanjaar met twee inskrywings. Malisa Erasmus skryf twee rame in getiteld "Men on the Moon" wat handel oor die mense wat op die maan geloop het. Die klub het een raam ingeskryf, getiteld "Filaffie Pret" waarin die werk van die lede van die klub uitgestal word. Dit het van tradisionele manier tot nuwe radikale maniere om seëls op 'n prettige manier te behandel.

Ons as Filaffies wil net baie graag dankie sê aan almal wat ons ondersteun en gehelp het om te kom waar ons nou is. Al die skenkings van boeke, tydskrifte, katalogusse, filatelie materiaal, tangetjies, albums, ens. word opreg waardeer.




Filaffie Pret: Handewerk van lede

# *Ons vier Fees !*

Dit is met groot blydskap dat elke mylpaal in die geskiedenis deeglik gevier is.

**25-JAAR !**

'n Dinee is gehou in 1976 en die presensielys toon aan dat 76 gaste die geleentheid bygewoon het.

**40-JAAR !**

Tydens die maandvergadering op Woensdag 27 November 1991 het Guillaumi de Swardt, stigterslid herinneringe met ons gedeel oor die vroeë jare. Die vereniging het ook groeteboodskappe van die Afrikaanse Filatelistevereniging van Johannesburg, Pretoria Philatelic Society, Pretoria Railway Society en van die Filateliese Federasie van Suider-Afrika ontvang.

Na die prysuitdeling kon almal die uitstallings van Erelede besigtig en 'n glasie wyn en 'n kasie geniet.

**50 JAAR !**

Op Woensdag 29 Augustus 2001 het lede van die vereniging en eregaste saamgetrek by die Voortrekker-monument. Met 'n glasie Sjerrie of Vrugtesap in die hand is die uitstallings besigtig. Om 19:30 het almal bymekaar-gekom in die Restaurant vir die Feesdinee. Na die verrigtinge begin is met Skriflesing en Gebed kon almal die heerlike ete geniet! Groeteboodskappe is van die ander verenigings asook die Federasie oorgedra.

Robert Harm, voorsitter van die vereniging het die geleentheids-toespraak gehou waarna die oudvoorsitter Wouter van Wyk die heildronk ingestel het. Tydens hierdie geleentheid is Erelidmaatskap aan Robert Harm toegeken. Voorwaar 'n heerlike gesellige aand.



www.rekord.co.za 200108

## Toentertyd se seëls vier halfeeufees

Die Afrikaanse Filatelievereniging van Pretoria hou tot einde Augustus as deel van sy vyftigste verjaardagvieringe 'n uitstalling van seëls en poskaarte in die Voortrekkermonument se kunsgalery.

Dié herdenkingsuitstalling is 'n samestelling van die werk van jong versamelaars, waarvan sommige slegs nege jaar oud is, tot by die werk van meer gevorderde versamelaars.

Een van die hoogtepunte van die uitstalling is 'n uitbeelding van poskaarte van Pretoria uit die tyd van President Paul Kruger.

In 1951 het wyle Guillaume de Swardt 'n inisiatief begin om Afrikaanse seëlversamelaars met mekaar in kontak te bring. Vroeër was daar slegs verenigings vir Engelse versamelaars.

Die Afrikaanse Philatelistiese Vereniging van Pretoria is op 9 Augustus 1951 gestig. Wyle JA Erasmus was die eerste van 13 voorsitters.

Die vergaderings is aanvanklik in die Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys se raadsaal gehou, maar het later na Tukkies se Instituut vir Patologie se ontspanningsaal verskuif, wat steeds die bymekaarkomplek is.

Die grondwet is in 1977 gewysig en die naam het verander na die Afrikaanse Filatelievereniging van Pretoria.

Die organisasie bevorder filatelie, organiseer uitstallings, reël ruilmoontlikhede, hou veilings en moedig seëlversameling by die jeug aan.

Bel Robert Harm, voorsitter, by 654-6593 of 082-925-7103, ds Cassie Carstens by 653-2279 en Hans Stronkhorst by 804-3661 vir meer inligting.

Hans Stronkhorst, ondervoorsitter van die Afrikaanse Filatelievereniging van Pretoria, is hier by die uitstalling van seëls en poskaarte in die Voortrekkermonument se kunsgalery.



Op die foto verskyn vlnr: Irene en Wouter van Wyk, Hans en Hettie Stronkhorst, en Bram en Ank de Haaij

**60-JAAR FEES: VONKELMIDBYT !**

DINSDAG 9 AUGUSTUS 2011
By die NG Kerk Wierdapark-Suid, Wierdapark, Centurion.




Teen 11:15 was ons almal daar – opgewonde, positief en entosiasties! Spesiale eregaste – Johan van Wyk (Filateliedienste) en Suzette, prof Alex Visser (president Pretoria Philatelic Society) en Trippie, Paul van Zeyl (seëlhandelaar) en Kathy, Ank de Haaij (weduwee Bram de Haaij GAPF), Johan Joubert (bestuurskomitee FFSA) en Karen, en prof Wouter van wyk (oud-voorsitter) en Irene. AFP-lede – ds Cassie Carstens GAFP (voorsitter en seremoniemeester), Hans Stronkhorst GAFP en Hettie (gasheer en gasvrou), Petra Heath GAFP en Isak, Helena Snyman, Attie en Mara le Roux, ds Frik en dr Tineke Grobler, Marge Viljoen, Connie en Jan Liebenberg, Peter en Gina Wilgenbus, John Kollen. Lede van Centurion Stamp Club – brig Hein Friebus, Ernie Gerke, Pat en Ron Kitts en Hillery.

Cassie heet almal welkom waarna ds Frik open met Psalm 8 en 'n gebed. Die vrugte-muesli-en-joghurtkelkie saam met vrugtesap is 'n treffer!

Die geleentheidswoord word gevoer deur Johan van Wyk. Hy vertel onderhoudend die interessante ontstaan van 'n posseël – van die aanvanklike gedagte tot die eindproduk. Dit is vir hom lekker om na 9 jaar in diens uiteindelik 'n toespraak in Afrikaans te kan hou! Hy wens die AFP geluk met hulle besonder aktiewe dienslewering.



Dit is tyd vir die heildronk. Prof Alex Visser voer die word en wens die AFP geluk met sy eerste 60 jaar. Hy maak veral melding van die positiewe samewerking tussen die twee klubs.

Die heerlike en smaaklike hoofmaal, voorberei deur Helen Marais van die NG Gemeente Wierdapark-Suid, bestaan uit roereiers, spek, skaapworsies, geurige hoederlewer, gebraaide tamatie, roosterbrood, muffins en allerlei konfyte. Daar word gekuier en nogmaals gekuier!

Vlnr: Attie en Mara le Roux, Petra Heath en Cassie Carstens

'n Feesboekie is deur Petra Heath voorberei – daarin word die geskeidenis van die AFP, die name van al die Genote, die gelukwensing van lewende oud-voorsitters, die wenners van al die trofees en deelnemers aan nasionale uitstallers gelys. Dit is 'n spogproduk, met groot dank aan Petra. Elkeen ontvang 'n eksemplaar en almal ywer om die handtekeninge van die persone teenwoordig te kry. Elkeen ontvang ook 'n spesiale kleurvolle gedenkkoevert (ontwerp deur Danie van Zyl) met die Gauteng-toerisme 1995-standaardseël (Uniegebou en Jakarandas) en 'n datumstempel Pretoria 9-8-2011.

Voorsitter Cassie vat saam en deel sy gedagtes oor hoe die AFP die afgelope klompie jare 'n duidelike verskil gemaak het in die Suider-Afrikaanse filatelie, veral met die informele byeenkomste, aktiewe betrokkenheid en meelewing van die kerngroep lede, unieke en leidinggewende uitstallings, seëlskou maandeliks by Adami in Queenswood (saam met Paul van Zeyl), skakeling met ander verenigings, die knap Posduif, betrokkenheid by Tematika SA en Centurion Stamps en daarstelling van studiegroepe TBVC en Tshwane.



Vlnr: Connie Liebenberg, Kathy en Paul van Zeyl en John Kollen

Hans spreek die dankwoorde.

Marge Viljoen het pragtige liggeel orgidee-blomme vir elkeen om huis toe te vat.

Wouter van Wyk vertel hoe die AFP aan sy naam gekom het – dit was aanvanklik Afrikaanse Filateliste vereniging, maar om te onderskei van die AFV in Johannesburg is dit op Wouter se aanbeveling verander na Afrikaanse Filatelievereniging van Pretoria. Koffie-en-tee word saam met 'n soetigheidjie genuttig en daar word steeds gekuier. Die opruim is vinnig en ons verdaag om 13:30.



Vlnr: Trippie en Alex Visser, Helena Snyman, Ernie Gerke en Marge Viljoen

CASSIE CARSTENS GAFP 2001